

DIE DE KLERK-BENADERING LÊ AAN SKERWE

Sampie Terreblanche

1990

Pres. F.W. de Klerk het die politieke inisiatief op 2 Februarie 1990 op 'n dramatiese wyse gegryp. Alhoewel die inherente swakhede en die onhoudbaarheid van die De Klerk-benadering vir sommige politieke waarnemers van meet af deursigtig was, het die De Klerk-regering met vernuftige propaganda en met geoorloofde en ongeoorloofde politiekery daarin geslaag om die politieke inisiatief vir 500 dae te behou.

Op 19 Julie 1991 het die De Klerk-regering egter die politieke inisiatief op 'n ewe dramatiese wyse verloor vanweë die geldskandaal rondom Inkata. Die NP se obsessie om van elke denkbare metode gebruik en misbruik te maak om 'n "verkiesings-konsortium" te bou wat die NP en sy vennote in staat sou stel om die ANC/SAKP in 'n verkiesing - wanneer dit ookal in die toekoms sou plaasvind - te verslaan, het op 'n wrede manier geboemerang. Hiermee is die De Klerk-regering se geloofwaardigheid ernstig in gedrang gebring.

Die staatsgeld wat aan die begin van verlede jaar aan Inkata gegee is, sou waarskynlik nie sulke groot opslae gemaak het nie as die NP se volgehoue hofmakery met Inkata nie op so 'n openlike wyse plaasgevind het nie en as die anti-ANC bedoeling daarvan nie so deursigtig was nie. Hoe kon die NP so dom gewees het?

Die staatsbeheerde SAUK het ten spyte van skerp besware eenvoudig aangehou om aan Dr. Buthelesi en Inkata voorkeur nuusdekking te gee ten spyte van die feit dat opinie-opnames daarop dui dat Inkata op minder as 5 persent steun kan aanspraak maak teenoor die meer as 60 persent van die ANC.

Toe die Staatspresident enkele maande gelede Kwa-Zulu se Wetgewende Vergadering geopen het, het Pres. De Klerk en Dr. Buthelezi vir alle praktiese doeleindes 'n openbare liefdesverklaring teenoor mekaar gemaak. Pres. De Klerk se vergunning aan Inkata-lede

om (gevaarlike) tradisionele wapens in die openbaar te dra, verkry natuurlik nou 'n totaal nuwe (en baie ontstellende) betekenis. Indien dit op die ou end sou blyk dat 'n Derde Mag wel steun aan Inkata in die geweldpleging verleen het, sal dit eenvoudig onvergeeflik wees.

Die gevaar bestaan dat die Inkata-skandaal Suid-Afrika se isolasie en die geweldpleging kan laat voortduur en daarmee ook die voortslepende ekonomiese stagnasie. Maar die krisis kan die positiewe resultaat hê dat dit die oppervlakkigheid en die onderliggend ideologiese karakter van die De Klerk-benadering duidelik aan die kaak kan stel.

Die oppervlakkigheid van die De Klerk-benadering moet toegeskryf word aan die feit dat die beleidsverandering van 2 Februarie 1990 so holderstebolder onder buitelandse druk plaasgevind het dat dit nie deur 'n indringende en eerlike analise van die ware aard van Suid-Afrika se diepliggende sosiale en ekonomiese probleme voorafgegaan kon word nie. Die beleidsverandering is gevolg uit nood en nie uit oortuiging gebore nie. Sonder 'n goeie begrip van - en sonder die nodige deernis met - die strukturele karakter van sowel die armoede- as die ongelykheidsprobleme is die regering se sosiaal-ekonomiese hervorming gedoem tot oppervlakkigheid en ontoereikendheid. Dit is dan ook geen wonder dat die regering onder die illusie verkeer dat hy 'n nuwe Suid-Afrika kan "skep" waarin die blankes se posisie van mag en bevoorregting bykans ongeskonde gehandhaaf kan bly nie.

Die ideologiese karakter van Deklerkianisme blyk uit die feit dat die NP dit klaarblyklik vir geen oomblik oorweeg om 'n "skikking" te aanvaar wat die implikasie kan hê dat die NP in die eersvolgende sê 20 jaar sy greep op die hefbome van die staatsmasjinerie in Pretoria sal moet prysgee nie. Die Deklerkiaanse ideologie is dus in der waarheid 'n baie meer gesofistikeerde weergawe van die Verwoerdiaanse ideologie wat eweneens die voortsetting van blanke mag en bevoorregting as doelwit gehad het. ('n Baie blatante en ongenuanseerde weergawe van die ontluikende Deklerkiaanse ideologie is weergegee in drie artikels wat Mnr Ebbe Dommissie, redakteur van Die Burger, onlangs in

Rapport geskryf het oor die Wit Ramp, die Swart Ramp en Hoopvolle (De Klerk) Scenario! Na mens die "Goggas maak vir Babas bang" artikels gelees het, het mens soveel te meer rede gehad om te vrees dat die De Klerk-regering op 'n Hooplose Scenario afstuur!).

Die groot vraag is nou of Pres. De Klerk daarin gaan slaag om die politieke inisiatief te herwin. Dit is onwaarskynlik en dit sal nie gou kan gebeur nie.

Om die politieke inisiatief te kan herwin sal Pres. De Klerk die inherente swakhede van De Klerk Model I rondborstig moet erken en binne 'n redelike tyd 'n fundamenteel nuwe De Klerk Model II moet aankondig.

Maar beskik die De Klerk-regering oor die morele kapasiteit om so 'n bekentenis te maak en oor die intellektuele kapasiteit om 'n nuwe benadering wat funksioneel vir die demokratiseringsproses sal wees, te formuleer? Waarskynlik nie.

Die De Klerk-regering se morele kapasiteite om foute te erken, is verdag. Tot op hede het Pres. De Klerk nog nie eens 'n belydenis omtrent die NP se skuld vir apartheid gemaak nie. Die kans is dus uiters skraal dat hy gewillig sal wees om te erken dat dit 'n fout was om "verkiesingspolitiek" téén die ANC/SAKP te veg, terwyl daar eerder 'n atmosfeer bevorderlik vir onderhandelingspolitiek geskep moes gewees het.

Wat die De Klerk-regering se intellektuele kapasiteit om 'n De Klerk Model II te ontwerp, betref, het Ken Owen dit verlede Sondag kernagtig soos volg opgesom:

"This government has simply lost its intellectual grip on the process of transition ... (the) government of President F.W. de Klerk does not possess the depth, the intelligence or the character to preside over the birth of a new republic".

Een van die fundamentele swakhede van die De Klerk-regering is dat dit na 43 jaar van NP-bewind eenvoudig nie meer 'n onderskeid tussen NP-belang en staatsbelang kan maak nie. Die NP en die Burokratiese Staat het Een geword! Hierdie eenwording is so heg gesmee tydens die Totale Aanslag-Totale Strategie tydperk, dat die regering nóg oor die vermoë beskik om weer 'n gesonde afstand tussen die NP en die Staat te bewerkstellig, nóg oor die vermoë beskik om hom van die Totale Aanslag-denke te bevry.

'n Goeie voorbeeld van voortgesette Totale Aanslag-denke, is dat daar steeds geargumenteer word asof sanksies hulle oorsprong het by kwaadwillige buitelandse kringe en daarom deel vorm van 'n sinistêre komplot teenoor onskuldige en welmenende blanke Christenmense. Gevolglik bestaan daar in regeringskringe geensins 'n bereidwilligheid om te erken dat die NP se volharding met die immorele apartheidsbeleid en sy uitdagende houding teenoor die buiteland, sanksies ontlok het en dat die nadelige effek daarvan vierkantig op die NP se apartheidsrekening geplaas behoort te word nie.

Helaas, die regering is nie eers gewillig om verantwoordelikheid vir die nadelige gevolge van apartheid te aanvaar nie. Ons sal seker tevergeefs wag dat hy óók verantwoordelikheid vir die nadelige gevolge van sanksies sal aanvaar.

Diegene wat gedink het dat die NP wat die apartheidsbestel vir dekades in stand gehou en ideologies goedgepraat het, óók die argitek en bouer van die Nuwe (Demokratiese) Suid-Afrika kan wees sonder dat sy leiers Demaskus-pad ervarings en 'n (intellektuele) paradigma-skuif ondergaan (of hoef te ondergaan), maak hulle beslis aan ernstige wensdenkery skuldig. Voordat die NP-regering bekleed kan word met die verantwoordelikheid vir die oorgang na 'n Nuwe Suid-Afrika, sal hy homself intellektueel en moreel volledig moet vernuwe of plek maak vir 'n nuwe regering - desnoods 'n Tussentydse Regering.

Suid-Afrika bevind hom na die mislukking van die De Klerk-benadering dus in 'n onbenydenswaardige dilemma: Suid-Afrika het ter wille van die NUWE Suid-Afrika 'n NUWE regering nodig wat met die nodige deernis die leiding in die oorgang kan neem, maar die NP is moreel en intellektueel nie tot sodanige VERNUWING in staat nie, maar ook nie bereid om vir 'n Tussentydse regering plek te maak nie. Gevolgtrekking : Skaakmat en nogmaals skaakmat.